




'N MEESTER- STUK IN PISA- STEEK

DIT is borduurwerk wat antiek lyk. 'n Tipe borduurwerk wat weer in die mode is. Dit lyk moeilik, maar in werklikheid verg dit nie veel meer geduld as die maak van 'n goed gebreide en afgewerkte oortrui of 'n gehekelde tafeldoek nie. Kom ons probeer hierdie fyn borduurwerk waarvan ons moeders en oumas so baie gehou het.

Eerstens die ontwerp: trek die ontwerp op die materiaal nadat dit tot die verlangde grootte vergroot is.

Die borduurwerk: die hele motief, waar daar geen spasies en dus geen balkies is nie, word gewerk in koordsteek of skulpsteek met 'n enkele draad borduurgare.

Die materiaal waarop die ontwerp geteken is, word op 'n spesiale wasdoek, wat by naaldwerkwinkels gekoop kan word, vasgeryg. Dit hou die werk stewig en plat. Dit word

nou 'n paar millimeter van die ontwerplyn af dig geryg.

Die hele ontwerp word in voorsteek gewerk. Wanneer die balkies bereik word, word die naald van die verkeerde kant af deurgesteek en die gare word bo-oor die materiaal geneem vir 'n steek so lank as die balkie moet wees. Die naald word dan weer deurgesteek na die regte kant en die gare word terug oor die materiaal geneem en heen en weer so gewerk om 'n brug van garedrade te vorm wat met koordsteek of skulpsteek oordek word om 'n balkie te vorm. Hierdie steke word nie deur die materiaal gewerk nie, maar net om die garedrade. Wanneer die balkie voltooi is word weer voorsteek gewerk tot by die volgende balkie. Uiteindelik word daar nog 'n keer oor die voorsteke gewerk en wanneer die borduurwerk klaar is, word die wasdoek verwyder en word die materiaal versigtig met 'n skerp skêr onder die balkies uitgeknipt.

